UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VI

## ONTWERPER VAN WOONHUISE EN SKOOLGEBOUE

### 1. ONTWERPER VAN WOONHUISE EN WOONHUISVERBOUINGS

Volgens bouplanne van woonhuise, wat gedeeltelik bewaar gebly het, is dit bekend dat Sytze Wierda woonhuisevir inwoners van 's-Hertogenbosch en ander plekke in Nederland ontwerp het.[1]

Deurdat die planne wat volledig bewaar gebly het, dié is van woonhuise en geboue wat in Amsterdam en Baarn opgerig of verbou is, ontstaan die indruk dat opdragte vir die ontwerp van woonhuise of buitegeboue vir die grootste gedeelte van inwoners van dié twee stede gekom het.


#### i. Veranderings aan stalgeboue in Pieter Pauwstraat Amsterdam

In Maart 1880, terwyl Sytze Wierda in P.C. Hooftstraat 67, Amsterdam gewoon het, het hy, vir die eerste keer . . sover vasgestel kon word, in sy hoedanigheid as „bouwkundige" onder die aandag van Burgemeester en Wethouders van Amsterdam gekom, toe hy by hulle aansoek gedoen het om in die gewel van die stalgeboue, geleë in Pieter Pauwstraat 22, vier venster- en deurkosyne uit te breek en in die plek daarvan eweveel venster- en deurkosyne in te messel, ten behoewe van sy opdraggewers, Gebroeders van der Kuijlen, van Nicolaas Witzenkade 5, Amsterdam. Hierdie versoek is onder sekere voorwaardes op 7 April 1880 deur die Amsterdamse Stadsraad toegestaan.[2]

#### ii. Ontwerp vir 'n villa, Baarn

Dieselfde tyd toe Sytze Wierda opdrag ontvang het om 'n skoolgebou en onderwyserswoning vir die Bestuur van „De School met den Bijbel" te Baarn te ontwerp, het hy ook vir J.G. van Hamel, een van die destydse bestuurslede van „De School met den Bijbel", 'n ontwerp gemaak vir „eene villa op een terrein gelegen hoek Leestraat en Zeelaan te Baarn". Die uitvoerige bestek, bestaande uit meer as 30 artikels

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en voorwaardes, waarvolgens die bou-aannemers kon tender vir die oprigting van die woonhuis was gedateer Amsterdam, Januarie 1881, later verander na April 1881. Op daardie tydstip was argitek Wierda woonagtig te Marnixkade 105, Amsterdam.

Terwyl die argitek die oprigtingskoste van die woonhuis op 12 400,- gulden begroot het, is 'n tender uiteindelik vir 13 333,- gulden aanvaar. Die villa sou teen die einde van 1881 voltooi gewees het.[3]

iii. Ontwerp vir „een dubbel huis met kantoor", Amsterdam

Hamel was blykbaar so tevrede met die skoolgebou, onderwyserswoning en sy eie villa in Baarn wat Sytze Wierda ontwerp en wat al drie in die loop van 1881 tot stand gekom het, dat hy nie gehuiwer het om in die tweede helfte van 1881 opdrag aan argitek Wierda te gee om in die plek van sy afgebrande perseel in Amsterdam, 'n ontwerp te maak vir 'n dubbel woonhuis met 'n kantoor.

Op 29 Desember 1881 het Sytze Wierda, wat nog steeds te Marnixkade 105 gewoon het, namens sy opdraggewer, J.G. Hamel van Baarn, aansoek gedoen om, volgens ingeslote tekeninge, „een dubbel huis met kantoor, gelegen hoek Kerkstraat en Amstelveld, zijnde het afgebrande perceel en het daarnaast gelegen perceel nos. 1 en 3." Die argitek het voorts ook verduidelik dat die bruingekleurde deursnede van mure bestaande funderings van die afgebrande perseel is, terwyl die „gearceerde" nuwe muurwerk is.

Op 27 Januarie 1882 het Burgemeester en Wethouders van Amsterdam alvorens hulle hul besluit aan die aansoeker bekend gemaak het, daarop gewys dat die vergunning gevra is vir die verbouing van die terreine Amstelveld 1 en 3, volgens bygevoegde tekening, maar dat dit na ondersoek geblyk het dat in plaas van die terreine Amstelveld 1 en 3, in werklikheid die terreine 1, 3 en 5 bedoel word, waarvan Hamel die eienaar was. Die versoek is op sekere voorwaardes toegestaan en het dit moontlik geword dat daar met die oprigting van die dubbel woonhuis met kantoor voortgegaan kon word.[4]

Ontwerp vir „een dubbel huis met kantoor", Amsterdam, vir J.G. Hamel (bo) en 'n foto van Amstelveld waarop dieselfde hoekhuis, wat deur Wierda ontwerp is, voorkom (onder).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



iv. Ontwerpe vir diverse verbouings en woonhuise

In die loop van 1882 tot 1886 het Sytze Wierda, terwyl hy ook besig was met argitekswerk vir opdraggewers van el= ders, planne geteken vir veranderings aan die woonhuis van J. Bührmann,[5] vir die verbouing van 'n pakhuis tot woonhuis en winkel van P.H.F. Gordijn,[6 en 7] vir die vernuwing van 'n koetshuis van die dames Van Heukelom,[8] almal geleë in Amster= dam. Die laaste groot opdrag wat hy in Amsterdam uitgevoer het, was die ontwerp van twee aangrensende woonhuise vir J.H.C. van Santen, elkeen bestaande uit 'n „sous-terrain", 'n „bèletage" met daarbo nog drie verdiepings sowel as bo= kamers.[9]

v. Die „Jongeheeren Instituut ‚Eikenhorst'", Baarn

Die laaste gebou wat deur Sytze Wierda in die Nederland= se tydperk van sy lewe ontwerp is en wat kort voor sy vertrek na die Zuid-Afrikaansche Republiek voltooi en in gebruik ge= neem is, was die „Jongeheeren Instituut ‚Eikenhorst" van G.A. Bosch.

Aangesien die bouteekeninge en ander skriftelike gegewens oor die bougeskiedenis van die kosskoolgebou ontbreek, moet volstaan word met die vermelding van enkele feite oor die Instituut „Eikenhorst".

Nadat G.A. Bosch in besit gekom het van 'n stuk grond in Baarn, op die hoek van Spoorweg- en Wittelaan, tans Wilhel= minalaan, teenoor die teenswoordige voetbrug, het hy vroeg in 1887 opdrag aan argitek Wierda gegee om 'n gebou vir die huisvesting van die personeel en leerlinge van die Instituut „Eikenhorst" te ontwerp.

Op 1 April 1887 is 'n aanvang gemaak met die bou van die „Christelijke Kostschool voor Jongeheeren te Baarn", geleë in die nuwe park agter die woning van Van Agtrop.

Die inrigting sou nie alleen huisvesting bied aan die skoolgaande jonge here en die personeel nie, maar ook as 'n skoolgebou diens doen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Het nieuwe, alleszins doelmatige gebouw, ruim en welgelegen in een der gezondste en prachtigste hoeken van ons land en in het nabijheid van het station", het 'n ken=nisgewing van Bosch gelui, „wordt D.V. met 1 Sept. a.s. be=trokken". Op daardie selfde dag het Sytze Wierda en sy gesin Amsterdam verlaat op pad na Pretoria.[10]

Nadat die eiendom in 1896/97 gekoop is deur Willem Heybroek, is enkele veranderings daaraan aangebring. Nadat die gebou, kort na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, gebruik is vir die tydelike huisvesting van Belgiese vlug=telinge, is die historiese gebou in 1916 of kort daarna, gesloop en mettertyd ander geboue op die terrein opgerig.[11]

## 2. ONTWERPER VAN SKOOLGEBOUE EN ONDERWYSERSWONINGS

Nadat Sytze Wierda in Junie 1882 in sy brief aan die Driemanskap 'n oorsig gegee het van sy jarelange werk by die aanleg van staatspoorweë, het hy voortgegaan deur die volgende onder hul aandag te bring: „Inmiddels vond ik nog gelegenheid onze Chr. Ger. Gemeenten hier en daar bij te staan en van nut te zijn waar het de bouw van Kerken, scholen of pastoriën gold .... Christelijke scholen te Dragten en Baarn en eindelijk pastoriën te Nieuwendijk, by Almkerk en te Baarn...."[12]

### i. Die ontwerp van 'n „Christelijke Schoolgebouw" en onderwyserswoning, Drachten


Volgens die bewaargeblewe bouplanne en ander beskik=bare gegewens, was die „Christelijke School", wat in Mei 1871 in Drachten in gebruik geneem is, die eerste gebou wat volgens 'n ontwerp van Sytze Wierda opgerig is.

Die totstandkoming van 'n „Christelijke School" in Drachten en die oprigting van 'n skoolgebou, was 'n regstreek=se uitvloeisel van die sg. „Schoolstrijd", wat in die 19de eeu in Nederland gewoed het. Regsinniges het in die loop van die tyd, toe die Bybel besig was om langsamerhand onder die invloed van liberale strominge, uit die openbare skole te verdwyn, tot die oortuiging gekom dat die openbare skool

---

Die „Jongeheeren Instituut Eikenhorst", Baarn (bo) en die onderwyserswoning in Teding van Berkhoutstraat, Baarn (onder).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n ernstige gevaar en bedreiging inhou vir die opvoeding van die Christelike jeug van Nederland.[13]

In Drachten en omgewing het die „Schoolstrijd" net so fel as elders gewoed. Tjibbele Wietzes Kamp, die vader van mev. Harmke Wierda en eienaar van die skeepswerf aan die Langewijk, was een van die invloedryke en leidende bestuurs= lede van die eerste „Christelijke School" van Drachten. Die oprigting van die skoolgebou het onder baie moeilike omstan= dighede en in die aangesig van ernstige en volgehoue teen= kanting plaasgevind.

Die „liberale" ingesetenes van Drachten het destyds die toekenning van 'n skoolterrein aan die Bestuur van die „Christelijke School" probeer verongeluk „zoodat men bij een publieke verkooping slechts door gebruik te maken van stroo= mannen beslag kon leggen op een geschikt stuk land waar men een school kon bouwen."[14]

Met 'n bouterrein in Drachten tot die beskikking van die voorstanders en oprigters van 'n „Christelijke School" het gebrek aan fondse die oprigting van 'n skoolgebou en onderwyserswoning vir 'n tyd lank vertraag. Die benodigde som geld vir boudoeleindes het op 'n stadige tempo ingekom en toe daar uiteindelik tot die oprigting van die skoolgebou oorgegaan is, moes daar noodgedwonge op elke moontlike manier bespaar word.

Dit lê voor die hand dat Kamp, een van die bestuurslede, wat 'n skoonseun gehad het wat in staat en bekwaam was om 'n ontwerp vir 'n skoolgebou te maak, gretig van dié moont= likheid gebruik gemaak het. Dit is dan ook waarskynlik dat bestuurslid Tjibbele Wietzes Kamp, sy medebestuurslede oor= reed het om Sytze Wierda, destyds woonagtig in Alkmaar, te versoek om 'n plan vir 'n skoolgebou op te stel. Ofskoon die bewaargeblewe argief van die skool geen melding maak van die verkryging van 'n ontwerp vir die eerste skoolgebou nie en ewemin van die aandeel wat Sytze Wierda in die samestel= ling van die ontwerp gehad het, is dit, veral op grond van sy eie aangehaalde verwysing in Junie 1882 na sy verleende

---

Die „Christelijke Schoolgebouw", Drachten, sykant (bo) met die onderwyserswoning aan die agterkant van die gebou (onder).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bystand met die bou van 'n „Christelijke School" in Drachten, dat dit aanvaar kan word dat opsigter Sytze Wierda die ontwerper was van die eerste „Christelijke School" van Drachten.[15]

Die bou van die skoolgebou wat ongeveer 4.000,- gulden sou kos, het in die tweede helfte van 1870 'n aanvang geneem en is vroeg in Desember van dieselfde jaar voltooi deur die bou-aannemer W. Wietzema. Op daardie stadium was daar nog probleme ondervind in verband met die waterdigtheid van die dak. Onderhandelings tussen die skoolbestuur en die aannemer het vir 'n geruime tyd, tot kort voor die inwyding van die skoolgebou, voortgesloer.[16]

Die opening van die eerste „school van Christelijk Natio= naal Onderwijs op't Boveneind te Drachten" het vervolgens op 2 Mei 1871 onder die hoofskap van W.T. Hillen Jz plaasgevind.[17]

a. Die installering van 'n „circulair kachel" in die „Christelijke Schoolgebouw"


Uit 'n beskrywing wat Sytze Wierda in September 1871 in Amsterdam opgestel het oor 'n „circulair kachel voor school- en ander openbare gebouwen" en wat tesame met 'n besonder netjiese en keurige tekening van sy uitvinding in Oktober van dieselfde jaar gepubliseer is en in 'n wyer kring bekend ge= raak het,[18] kan daar ten opsigte van sy verwysing na 'n „nieuw gebouwde schoollokaal" waarin 'n kaggel, volgens sy ontwerp, geïnstalleer is - vermoedelik deur K. de Jong -[19] die afleiding gemaak word dat die skoolgebou waarna hy verwys het, die „Chris= telijke Schoolgebouw" van Drachten was, wat in Mei 1871 in gebruik geneem is.[20]

Dit blyk verder ook dat die „circulair kachel" in die nuwe skoolgebou in Drachten reeds in die wintermaande van 1870 en 1871 „zeer voldoende resultaten" gegee het en dat die skoolgebou, wat 'n inhoud van 770 kubieke meter bevat en vir 200 leerlinge voorsiening gemaak het, gebruik gemaak het van die „Amerikaansch banken-systeem". Die skoolgebou het uit twee vertrekke bestaan. 'n Middelmuur het as skeiding tussen die twee vertrekke gedien en daarin is die kaggel in 'n oop nis geplaas. Op dié wyse kon die twee skoolvertrekke vanuit 'n sentrale punt op 'n gelyk= matige wyse verwarm word.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# CIRCULAIR KACHEL

Opstand
fig 2.




Doorsnede over C.D.
fig 3




Doorsnede over A B
fig 1






fig 4
Lucht kanalen in den vloer
(in half geopenden toestand)



Opmerker No 41, 1871.

S. Wierda Wz.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit die oogpunt van die bestuur van die „Christelijke School" - wat die skoolgebou en die langsaan-geleë onderwy=serswoning uit sy eie, beperkte fondse opgerig en onderhou het - het die verwarmingsisteem volgens die uitvinding van Sytze Wierda, 'n aansienlike besparing van brandstof bewerk=stellig. In verhouding tot die boukoste was dit betreklik goedkoop om te installeer en in stand te hou en daarbenewens baie geskik met die oog op 'n doelmatige, maklike en vinnige reiniging en wegruiming van die as en roet. Ook uit die higiëniese oogpunt van die leerlinge en personeel was die verwarmingsisteem van Sytze Wierda aanbevelenswaardig.[21]

b. <u>Sytze Wierda as uitvinder</u>

Die uitvinding van 'n „ventilatie- of circulair kachel" deur Sytze Wierda en hul vervaardiging en installering vanaf die begin van die sewentigerjare in skool- en ander openbare geboue wat deur hom ontwerp is, was 'n nuwe aspek van die persoonlikheid van Sytze Wierda wat tot openbaring gekom en getuienis van sy tegniese, argitektoniese en natuurkundige belangstelling en kennis gelewer het.

Die prikkel wat blykbaar aanleiding gegee het tot die uitvinding en vervaardiging van 'n „circulair kachel" deur Sytze Wierda was volgens sy eie mededeling die jarelange strewe by tegnici om 'n kaggel te konstrueer wat nie alleen 'n baie spaarsame gebruik van brandstof tot gevolg sou hê nie, maar wat tewens ook 'n gelykmatige en aangename verwarming sou voortbring en geen nadelige uitwerking op die gesondheid sou hê nie.

Hy het kennis gedra van die groot aantal verwarming=sisteme wat daar tot op daardie tydstip ontwerp en in ge=bruik was maar hy was ook op hoogte van die inherente tekort=komings van die verskillende stelsels en bewus van die onte=vredenheid en onvoldaanheid wat by die gebruikers van die verskillende verwarmingstelsels aanwesig was.

Die hoofvereistes wat hy vir homself gestel het waar=aan 'n „circulair kachel" moes voldoen, was die volgende:

---

Die „circulair kachel" wat deur Sytze Wierda ontwerp en in skoolgeboue geïnstalleer is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n gelykmatige verwarming van die vertrekke; besparing van brandstof; die vermyding of uitskakeling van 'n duur installe= ring, onderhoud en bediening; 'n doelmatige inrigting vir die skoonmaak en -hou van die kaggel en 'n verwarming wat 'n ventilasie tot gevolg sou hê, wat uit 'n higiëniese oogpunt wenslik sou wees.

'n Aspek en kenmerk van sy beskrywing van die werking en voordele van sy kaggel, is sy belangstelling in die ge= sondheid van die leerlinge en personeellede, sy bekommernis dat die verskillende ventilasiestelsels wat destyds bestaan het en in gebruik was, nie sou gestrek het tot die liggaamlike welstand van die gebruikers van die skoolvertrekke en ander openbare geboue nie, en sy aanspraak dat die installering en inwerkingstelling van sy kaggel daartoe sou bydra om die lug in die skoolvertrekke en ander openbare geboue op 'n doelmatige en effektiewe wyse te suiwer.[22]

Nadat sy uitvinding vir die eerste keer in die „Chris= telijke School" van Drachten ingebou en in gebruik geneem is, het hy een van sy „circulair kachels", vervaardig deur K. de Jong, vertoon op die „Provinciale Tentoonstelling van Nijver= heid", wat omstreeks die helfte van 1872 te Drachten gehou is en waarvoor hy 'n prys verower het.[23]

Dit is nie bekend of Sytze Wierda in sy daaropvolgende ontwerpe van skool- en ander openbare geboue voorsiening ge= maak het dat sy uitvinding in dié geboue geïnstalleer sou word nie. Dit is egter waarskynlik dat hy dit sou gedoen het omdat hy oortuig was van die doeltreffendheid en geslaagd= heid van sy uitvinding.

In 'n prysvraag vir 'n „School te Baarn", waaraan hy onder die kernspreuk „Wiës Natalis" deelgeneem het, het hy egter op sy bouplanne voorsiening daarvoor gemaak dat sy kaggels deel van die gebou sou uitmaak.[24]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ii. Die verbouing tot skoolgebou van 'n gedeelte van die Plantage-kerkgebou van die Christelijke Gereformeerde Gemeente te Amsterdam

Op Donderdagaand 5 September 1872 is die „42 Ellen-lange" Plantage Kerk, wat voorheen bekend gestaan het as die Rehoboth kerkgebou en wat vroeër in daardie jaar deur die Kerkraad van die Christelijke Gereformeerde Gemeente te Amsterdam, tesame met die orrel en die ameublement, aangekoop is, met 'n goed-bygewoonde godsdiensoefening in gebruik geneem.[25]

Op die kerkraadsvergadering van 15 September 1873 was daar 'n lang en deeglike beraadslaging oor die vestiging van 'n tweede skool in die agterste gedeelte van die Plantage Kerk na aanleiding van 'n voorstel van die „Schoolcommissie" dat „10 Ellen" vir die doel van 'n skool afgestaan word. In die lig van die feit dat die „Schoolcommissie", volgens 'n mededeling van skoolkommissielid Hartgerink, reeds oor 'n mandaat beskik het om 'n tweede skool op te rig, en van oordeel was dat die skool 'n nuttige doel kon dien, is op voorstel van Wielenga die volgende kerkraadsbesluit aanvaar:

> „De Kerkraad magtigd de gecombineerde Commissiën het achterste gedeelte der Plantage Kerk ten lengte van hoogstens 10 Ellen in te rigten voor een school, mits de Commissie zorge voor eene toegang aan de zijde der Kerk ter breedte van twee Ellen."

Op die kerkraadsvergadering van 5 Januarie 1874, is op voorstel van die Skriba van die „Schoolcommissie" besluit dat 'n vergadering van die „Algemeene Kerkeraad" op 16 Januarie gehou sou word met die doel om aandag te gee aan die „verkrijging eener 2de School".

Op die kerkraadsvergadering van 16 Januarie 1874, waar Dijkman, „Vice-praeses der School Commissie", ook teenwoordig was, is 'n belangrike voorstel van die „Schoolcommissie" in oorweging geneem. Op 'n vraag van die Voorsitter van die Kerkraad hoe dit staan met „de vroeger besprokene aankoop van grond naast de Plantage Kerk", het ds. Beuker, die destydse Voorsitter van die „Schoolcommissie", meegedeel dat die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Schoolcommissie" die vorige week saam met 'n toegevoegde „Commissie in zake van aankoop van Grond en Bouwing" vergader het en op daardie vergadering die broeders Dijkman, Blankenberg en Hartgerink tot rapporteurs benoem het met die opdrag om aan die kerkraad alle moontlike inligting te gee.

Broeder Dijkman het vervolgens gerapporteer dat destyds 'n aanbod gemaak is vir die benodigde grond langs die Plantage Kerkgebou, maar dat daar tot op datum nog geen positiewe reaksie van die kant van die eienaars van die grond was nie, sodat die afleiding gemaak moes word dat die eienaars ongeneë was om die grond teen 32,- gulden per vierkante El te verkoop. „Daarenboven", het broeder Dijkman voortgegaan, „was het der School Commissie zeer doelmatig voorgekomen, de School te plaatsen in het voorgedeelte der Kerk, omdat daardoor de aankoop van genoemde grond werd uitgewonnen, bedragende 3 000,- gulden, en hetzelfde doel werd bereikt, zoodat eene school konde worde daargesteld zonder nieuw bijdragen van de gemeenteleden te moeten vragen."

Broeder Blankenberg het vervolgens die finansiële implikasies van die voorstel van die „Schoolcommissie" bespreek en, onder andere, gesê dat indien die skool opgerig word, soos nou voorgestel word, „dan tog zou eene Christelijke School worden gestigt, zonder dat het bestuur genoodzaakt was gelden op te nemen of te vragen, zeker het eerste voorbeeld in ons geheele vaderland. Een feit, zoo merkwaardig, dat het door elk Schoolbestuur met verwondering zou worden vernomen". Hy het ten slotte meegedeel dat die gelde vir die doel van die oprigting van die skoolgebou reeds op daardie tydstip in die kas beskikbaar was.

Broeder Hartgerink het teen die einde van die kerkraadsvergadering die tegniese aspekte van die onderwerp behandel aan die hand van 'n „plan of teekening"wat hy voor die vergadering gelê het, waarin enige veranderings wenslik geag is en waaruit geblyk het dat 'n „onder en bovenschool" met ruimte vir 250 leerlinge verkry kon word. Voortgaande het hy ook beklemtoon dat die verbouing van die voorste

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedeelte van die Plantage kerkgebou die voorgewel van die kerkgebou nie sou verminder nie maar wel sou verfraai.

Na 'n uitvoerige bespreking van die voorstel van die „Schoolcommissie", waartydens die opinies van die kerkraadslede van mekaar verskil het en daar, onder andere, die vrees uitgespreek is „dat het kerkgebouw er door zal ontsierd worden", is dit uiteindelik aanvaar met 15 teen 12 stemme.[26]

Die notule van die kerkraadsvergadering van 16 Januarie 1874 maak geen melding van die naam van die argitek wat die „plan of teekening", wat broeder Hartgerink aan die kerkraad voorgelê het en wat, behoudens enige wysigings, deur die kerkraadsvergaderings aanvaar is, gemaak het, maar blykens die „Bestek en Voorwaarden waarnaar de Christelijke Gereformeerde Gemeente alhier zal aanbesteden: Het veranderen van een gedeelte der Plantage Kerk en dat in te rigten tot eene School voor 240 kinderen",[27] en die kerkraadsnotule van 'n latere datum,[28] was Sytze Wierda, destyds „Opzichter der le Klasse" by die aanleg van staatspoorweë, woonagtig in Amsterdam en lidmaat van dieselfde gemeente vanaf Mei 1870,[29] verantwoordelik vir die ontwerp vir verbouing.

Die ontwerp is blykbaar teen die einde van 1873 of vroeg in 1874 voltooi en op 16 Januarie 1874 voor die kerkraadsvergadering gelê.

Op 27 Februarie 1874 het J.W. Hartgerink, 'n bouaannemer van beroep en „Secretaris der Bijzondere School der Chr. Ger. Gemeente te Amsterdam" 'n versoek, vergesel van 'n aantal argitekstekeninge, aan Burgemeester en Wethouders van Amsterdam besorg. Daarin is toestemming gevra om 'n gedeelte van die Plantage Kerkgebou, geleë in die Doklaan by Parklaan vir 'n skoolgebou in te rig „ten dienste van de Chr. Ger. Gemeente, Afdeeling Keizersgracht, Amsterdam". Op 11 Maart 1874 is toestemming tot verbouing onder sekere voorwaardes deur Burgemeester en Wethouders aan die kerkbestuur verleen vir die verbouing van die voorgedeelte van die kerkgebou „staande Plantage Rapenburger-gracht".[30]

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die aanwysing op die terrein het geskied op 31 Maart 1874, terwyl die tenders op 8 April by die konsistorie van die Nieuwe Kerk ingelewer is. Die tender van D. Kiekens vir die bedrag van 5 449.99,- gulden is aanvaar en die aanvang van die bouwerksaamhede is vir 26 Mei 1874 bepaal.

Volgens die „Algemeene beschrijving", wat in die „Bestek en Voorwaarden", bestaande uit 34 uitvoerige artikels, ge= noem word, sou die werk hoofsaaklik uit die volgende bestaan:

> "Ten eerste: In het wegbreeken en opruimen van de portalen, trappen, kasten, vloeren, ameublement, een gedeelte der galerijen, orgelkamer, enz.: in het vooreinde der kerk, het lage gedeelte der bekapping en zoldering achter den voorgevel, eenige deelen van deze laatste ten behoeve der te maken School= lokalen, welke 10,32 Meter van af den binnenkant der voorgevel in het kerkgebouw uitspringen, en voor de weder aansluitende betimmeringen tot her= stelling der kerkruimte volgens aanwijzing moet worden weggebroken en opgeruimd.
>
> ten tweede: In het aldus geamoveerde vooreinde der kerk te maken drie Schoollokalen, 1 gelijkvloers en 2 op de verdieping, met corridors, trappen, privaten, ameublement en verder annexe werken; het weder aansluiten en geheel herstellen, in overeen= stemming met het bestaande, der binnenwerken in de gewijzigde kerkruimte, met het ameublement en om= loopende galerij, etc. Een en ander uittevoeren met bijlevering van alle daartoe noodige arbeidsloonen en de te kort komende materialen, overeenkomstig de hierbij behoorende teekeningen, de hierna volgende bepalingen en de tijdens de uitvoering te geven aanwijzingen."

Nadat die bouwerksaamhede in die loop van Oktober 1874 afgeloop was, het die opening van die skool in die verboude Plantage kerkgebou op Dinsdag, 3 November 1874 plaasgevind.[31]

In die kerkraadsvergadering van 9 Julie 1875 is namens die „School Commissie" deur broeder Hartgerink berig dat Wierda sy ontslag as lid van die „School Commissie" gevra het en dat die „School Commissie" aan die Kerkraad aanbeveel dat sy versoek om ontslag toegestaan word. Nadat die ver= soek toegestaan is, het broeder Hartgerink 'n brief van Wierda voorgelees, waarin hy gevra het dat die verskuldigde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bedrag van 234,- gulden „voor salaris als Architect bij de bouwing der P(lantage) School". Ofskoon die argitek sowel as elke lid van die „School Commissie" bewus was van die feit dat die kas van die penningmeester „totaal leeg" was, was dit die vierde aansporing tot betaling van die ver=skuldigde argiteksgelde wat van Wierda ontvang is.

Na oorlegpleging en ten einde alle moeilikhede in verband met die skuldvordering te voorkom, het die kerkraad besluit „dat br. Hartgerink aan dezen strengen schuldeischer zal melden dat ZEd. Woensdag a.s. ten huize van br. Engelen over het gemelde bedrag kan disponeeren. De Kerkekas zal voor eenige tijd het voorschot verleenen."[32]

a. <u>Plasing van die orrel in die verboude Plantage-kerkgebou</u>

Terwyl die bouwerksaamhede aan en in die Plantage kerk=gebou op 26 Mei 1874 'n aanvang sou geneem het, het die kerkraadsvergadering op 22 Mei aandag gegee aan die plasing van die orrel, waarvoor daar op daardie stadium ten gevolge van die aanstaande verbouing van die kerkgebou elders in die gebou 'n plek ingeruim sou moes word. Na 'n lang dis=kussie is daar, in die aangesig van ernstige verskil van opinie, besluit om die orrel bokant die preekstoel te plaas.

Op spesiale versoek van die vergadering van diakens is op 29 Mei 'n Buitengewone Kerkraadsvergadering byeengeroep om die kerkraadsbesluit van 22 Mei oor die plasing van die orrel bokant die preekstoel weer 'n keer in oënskou te neem.

Nadat broeder Swagerman 'n aantal belangrike besware teen die voorgenome plasing van die orrel bokant die preek=stoel geopper het, is daar besluit om argitek Wierda te versoek om indien moontlik na die kerkraadsvergadering te kom ten einde die kerkraad met sy advies te bedien. Intussen het die bespreking voortgegaan.

Nadat broeder Wierda in die kerkraadsvergadering op=gedaag het en deur die voorsitter ingelig is oor die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bespreking wat aan die gang was en sy opinie gevra het, „adviseert Zijn Edele vooral uit een architectonische oog=punt het orgel in ieder geval niet boven den preekstoel aan de kap van het gebouw te hangen. Er is geene genoegzame sterkte voor zulk een zwaarte."

Na 'n lang, broederlike bespreking is besluit om, eer=stens, die vorige besluit van 22 Mei te herroep, en tweedens, om 'n „afzonderlijk oczaal voor het orgel" bo die bogenoemde dwarsgalery te bou. Volgens 'n voorlopige raming van die argitek sou die werk ongeveer 300,- of 350,- gulden kos.

Broeder Wierda is vervolgens versoek om so spoedig moontlik „een plannetje en teekening" te maak, terwyl die beoordeling en uitvoering daarvan aan die broeders Kerkmees=ters, na oorleg met die „Schoolcommissie", opgedra is.[33]

iii. Die ontwerp van 'n skoolgebou en onderwyserswoning vir die „School met den Bijbel", Baarn

In 'n vergadering van „De School met den Bijbel", wat op 10 Desember 1880 in Baarn gehou en met Skriflesing en ge=bed geopen en gesluit is, het die aanwesige broeders H.I. Reesse (Praeses), H.R. van der Flier (Sekretaris), J.G. Hamel, Van der Heide, Wijnands en Brulleman kennis geneem van die totale bedrag van ongeveer 2 315,- gulden wat tot op daardie tydstip as bydraes vir die oprigting van 'n skool=gebou op Baarn ingekom het en belowe is. In die lig daar=van is besluit „om over te gaan tot de opdracht aan den Heer Wierda om te maken teekening en bestek voor de te bouwde school." Ook is besluit om na ingekome erkenning van regspersoonlikheid, 'n brief te rig aan Sy Majesteit die Koning en tot Haar Koninklijke Hoogheid Prinses Hendrik (die weduwee van Prins Hendrik der Nederlanden, wat in 1879 oor=lede is) waarin om ondersteuning gevra word, ook op grond van die feit dat Soestdijk in 'n besondere betrekking met Baarn staan.

Op 'n vergadering op 14 Januarie 1881, waar die ses bestuurslede van die „School met den Bijbel", asook argitek

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wierda, teenwoordig was, is, na Skriflesing van Jes. 12 en gebed, 'n „teekening van School en onderwijzerswoning onder aanwijzing en opheldering" deur die argitek voorgelê. Daarna het broeder Hamel en die argitek die „zeer gunstig advies van de Heer Nijland, Schoolopziener te Utrecht" oor die ontwerpplanne onder die aandag van die vergadering ge=bring. Na bespreking is die ontwerp van Sytze Wierda goed=gekeur en terselfdertyd opdrag aan hom gegee ten opsigte van die reëlings vir die uitskrywe van tenders vir die oprigting van die skoolgebou en onderwyserswoning.

Nadat 'n sekere Schouwenburg hom intussen bereid ver=klaar het om 'n ruimer bedrag, as waarvoor vroeër reeds ooreengekom is, op eerste verband aan die bestuur van die „School met den Bijbel" voor te skiet, is die tenders vir die bou op 18 Februarie 1881 ontvang. Die tender is uiteindelik aan W. van Doornik, van Baarn, toegeken vir 'n bedrag van 12 347,- gulden „met een toelage van een particulier van 200,- gulden."

Na voorlegging van 'n tekening deur die argitek, is op 7 April 1881 besluit om „ijzeren hekwerk" voor die skoolgebou en onderwyserswoning aan te bring en Sibleé en Kroon uit te nooi om die werk te onderneem.

Die eerste steen van die skoolgebou sou deur die Voorsitter van die „School met den Bijbel" gelê word en hy het hom bereid verklaar om die werklui by daardie heuglike geleentheid op brood, vleis en bier te onthaal.

Die steenlegging het op Donderdag, 28 April 1881 plaas=gevind toe Reesse die eerste steen gelê het in die teenwoor=digheid van die bestuurslede, met die uitsondering van broeder Wijnands, wat verhinder was om die funksie by te woon.

Reesse het na die eerste steenlegging in 'n kort toe=spraak beklemtoon „dat het bouwen der School met den Bijbel door de Heere ons is op de handen gezet. Dat met een terugblik op de kruistochten, door ons met vol recht kan

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gezegd worden: ‚De Heer wil het!'"

In plaas van die voorsiening van brood, vleis en bier aan die werksmense op die dag van die eerste steenlegging, is 'n bedrag geld aan die bou-aannemer gegee om dit onder die werksmense te verdeel.

Nadat in Junie en Augustus voorbereidings getref is vir die aanstaande opening en inwyding van die skoolgebou, het die inwyding op 30 Augustus 1881 plaasgevind. By die aanvang van die verrigtinge het die voorsitter, H.I. Reesse, 'n welkomswoord gerig „tot het opgekomen schare" en daarna het ds. Merens,van Utrecht, dr. De Geer,van Rotterdam en ds. Smits,van Nijmegen, aldrie op een of ander stadium predikante op Baarn, „de belangen der Christelijke School, ieder op zijne wijze met warmte bepleit." Ds. Herman, predikant van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Baarn was deur ongesteldheid verhinder om 'n toespraak te lewer.

Ds. A.H. Gezelle Meerburg, predikant van die Christelijke Gereformeerde Gemeente te Baarn, het 'n „hartelijke woord van belangstelling en opwekking tot medewerking gesproken", waarna die hoofonderwyser, E.J. Veenendaal, hom agtereenvolgens tot die bestuur, die ouers en die kinders gerig het, die belangrikheid van sy taak aangetoon maar ook beklemtoon op watter wyse en in Wie se krag hy gehoop het om sy taak te aanvaar. Daarop het jhr. mr. M.M. van Asch van Wijck, lid van die Tweede Kamer van die State-Generaal, sy belangstelling in die heuglike samekoms betuig, waarna ds. Van Diemen, van Zierikzee, die byeenkoms met danksegging afgesluit het.

Nadat die inwydingsplegtighede in die notule opgeneem is en die notule verder vermeld het dat die HERE die innige verlange vervul het en voorts die vertroue uitgespreek het dat HY HOM ook verder as die verhoorder van gebede sou betoon en die „School met den Bijbel" en sy geagte hoofonderwyser tot 'n seën sou laat wees, is ten slotte ook in herinnering geroep die uitstekende wyse waarop die argitek,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die bou-aannemer en die opsigter hul taak verrig het.[34]

Aangesien die bouplan van die skoolgebou blykbaar nie bewaar gebly het nie en die oorspronklike skoolgebou, wat op 30 Augustus 1881 ingewy is, as gevolg van die verbouings in die daaropvolgende jare, nie meer herkenbaar was nie, kan daar weinig oor die voorkoms en indeling van die skoolgebou op skrif gestel word.

'n Kenner van die geskiedenis van Baarn was in Julie 1961 ook van opinie dat „van de oorspronkelijke school is niet veel zichtbaar", aangesien die geboue in die loop van die tyd meermale verbou is. Sover mnr. Van Loon kon vasstel, het die gebou oorspronklik uit twee vertrekke bestaan,[35] wat ook deur 'n persoonlike besoek bevestig is.

By geleentheid van 'n besoek in Junie 1961 - kort voor hul sloping - aan die eertydse skoolgebou en onderwyserswo= ning, geleë op die hoek van Teding van Berkhout- en Laanstraat, in die geselskap van mev. Visee, weduwee van die vorige hoof van die skool en Krul, koster van die Gereformeerde Kerk te Baarn, kon die oorspronklike skoolvertrekke nog besigtig word en ook op watter wyse hulle met die onderwyserswoning in Teding van Berkhoutstraat 2 deur middel van die binne= plaas verbind was. Binne in die gang van die destydse gebou, kon die deur wat na die brandsolder gelei het - oorspronklik oop maar tans onderdak na die verskillende verbouings - nog besigtig word. 'n Verplaasbare ystertrap het vanaf die tyd van die hoofonderwyser Veenendaal in die tagtigerjare van die vorige eeu, toegang na die brandsolder verleen. Die spreuk „De vreeze des Heeren is het beginsel der Wijsheid. Psalm CXI: 10" wat in sierskrif op 'n swart marmer agter= grond onderkant die deur van die brandsolder aangebring was, het oor 'n tydperk van tagtig jaar die oog van leerlinge, personeellede, ouers en besoekers gevang. 'n Sierlike gewel bokant die deur van die brandsolder het ook die aandag getrek en het vermoedelik, tesame met die kernspreuk op die marmer= agtergrond, deel uitgemaak van die oorspronklike skoolgebou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



a. Vergroting van die skoolgebou in Laanstraat

In 1892 is die skoolgebou in Laanstraat, met drie lo=kale vergroot. 'n Destydse voorstel om die benodigde ver=trekke bo op die bestaande gebou daar te stel, is afgekeur. By latere verbouings is die balklaag versterk en het daar sodoende lokale bygekom.[36]

b. Verdere verbouings en aanbouings

In 1937 is voorgestel om die historiese skoolgebou in Laanstraat te koop en tot 'n kerksaal en vir ander nuttig=heidsdoeleindes in te rig. Die voorstel het byval gevind en die verbouing het tot stand gekom nadat die argiteksburo van argitek G.H. Kleinhout en ingenieur Van der Steur, van Baarn en Amsterdam, 'n verbouingsplan ontwerp het. Die argitekte het daarin geslaag om 'n intieme en gesellige at=mosfeer in die herboude skoolgebou te skep. Met die oor=drag van die nuwe kerksaal in Laanstraat aan die Kerkraad deur die „Commissie van Beheer der Kerkzaal" op 31 Julie 1937 en die ingebruikneming van die kerksaal op 1 Augustus, het die eertydse skoolgebou, wat deur Sytze Wierda ontwerp is, 'n nuwe gebruik gekry.[37]

iv. Die onderwyserswoning in Teding van Berkhoutstraat 2, Baarn

Net soos in die geval van die skoolgebou, wat in 1881 op die hoek van Teding van Berkhout- en Laanstraat tot stand gekom het, het die bouplanne van die interessante onderwysers=woning in Teding van Berkhoutstraat 2 blykbaar ook nie bewaar gebly nie. 'n Persoonlike besoek aan die 80 jaar-oue eer=tydse onderwyserswoning, onder begeleiding van mev. Visee, weduwee van die vorige skoolhoof, wat in Junie 1961 nog die gesellige en netjiese woonhuis bewoon het, het egter die inwendige verdeling en sommige van die interessante kenmerke van die woning aan die lig gebring.

Die voorkamer, wat bereik kon word deur 'n deur vanuit die voorportaal, was 'n agthoekige vertrek, met 'n blinde venster aan die westelike muur. Opmerklik was die gips=

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beeldjies wat bo in die middel van die plafon, voorstellende vroue- en engelefigure, aangebring is.

Reg bokant die voorkamer, wat bereik kon word met 'n wenteltrap vanuit die voorportaal, was daar 'n identiese agthoekige slaapkamer. In die slaapkamer was daar ook 'n blinde venster, direk bo dié een wat in die onderste voor=kamer aangetref is.

Wat verder die aandag getrek het, was die ongepleister=de mure, die netjiese en interessante voorkoms van die woonhuis, die gerieflike indeling van die verskillende ver=trekke en die gerieflike verbinding wat daar tussen die onderwyserswoning en die skoolgebou bewerkstellig is.

Mev. Visee, die laaste bewoonster van die historiese en unieke onderwyserswoning, het in Junie 1961 haar spyt uitge=spreek dat sy, met die oog op die aanstaande sloping van die onderwyserswoning en die eertydse skoolgebou, kort daarna die gesellige en gerieflike woning sou moes ontruim.

3. BRONNEVERWYSINGS EN TOELIGTENDE VOETNOTE

1. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, b, 1: Onvoltooide tekening van 'n voorgewel van 'n woonhuis te 's-Hertogenbosch, deur argitek S. Wierda in April 1879 onderteken. Daar bestaan 'n mate van twyfel of sommige van die ontwerpe wat onder die af=deling: Deelnemer aan boukundige prysvrae, bespreek is, nie miskien ontwerpe van woonhuise was wat in werklik=heid opgerig is.

2. G.A. (AMST., AMSTELDIJK), P.W. 1880, No. 1825: S. Wierda Wz. - Burgemeester en Wethouders, 25.3.1880, P.W. No. 4035/1825: Vergunning deur B. en W. i.v.m. werksaamhede aan die stalgeboue in Pieter Pauwstraat 22, 7.4.1880; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 18: De Gemeente-Archivaris, Gemeentelijke Archief=dienst van Amsterdam - H.M. Rex, 23.4.1968.

3. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, J, 6: „Villa voor J.G. Hamel", Baarn, Apr. 1880.

4. G.A. (AMST., AMSTELDIJK), P.W. 1882, No. 8742: S. Wierda - Burgemeester en Wethouders, 29.11.1881, P.W. 20673/8742: Vergunning deur B. en W. tot die bou van 'n dubbelhuis met kantoor vir J.G. Hamel, 27.1.1882;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 18: De Gemeente-Archivaris, Gemeentelijke Archiefdienst van Amsterdam - H.M. Rex, 23.4.1968, Wierda-Stukke, VI, i, K, b, 2: Ontwerptekening van „Dubbel huis met kantoor, gelegen hoek Kerkstraat en Amstelveld, voor J.G. Hamel", 1881/1882.

5. G.A. (AMST., AMSTELDIJK), P.W.1882, No.5455: S. Wierda - Burgemeester en Wethouders, 27.7.1882, P.W. 1130/5455: Vergunning deur B. en W. tot verbouing van woonhuis van J. Bührmann, Nieuwe Leliestraat 156, 12.8.1882; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 18: De Gemeente-Archivaris, Gemeentelijke Archiefdienst van Amsterdam - H.M. Rex, 23.4.1968; T.A.B., S.S. 1386, R.4189/82 (afskrif) by R.2693/87: S. Wierda - Drie=manschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp.110-114. Terwyl Sytze Wierda in 1882 besig was met onderhandelings met J. Bührmann, het hy kennis gemaak met H.T. Bührmann, 'n broer van eersgenoemde, wat vanaf die vyftigerjare een van die leidende politieke figure in die Zuid-Afrikaansche Republiek was. Terwyl hy in 1882 op 'n gesondheidsbesoek in Europa was, het hy van die geleentheid gebruik gemaak om besoeke by familiebetrekkinge in Nederland af te lê. Sodoende het die besoeker kennis gemaak met argitek Sytze Wierda. Op sy aandrang het Sytze Wierda op 2.6.1882 aansoek gedoen vir 'n regeringsbetrekking in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Die betrokkenheid van Sytze Wierda by die ontwerp van 'n verbouing van 'n woonhuis vir J. Bührmann het gelei tot sy kennismaking met die leiersfiguur uit Transvaal. Dié onverwagse kennismaking, kort na die Eerste Vryheidsoorlog, het 'n beslissende en ingrypende uitwerking gehad op die lewe en werk van Sytze Wierda vanaf 1887.

6. G.A. (AMST., AMSTELDIJK), P.W.1885, No.2948: S. Wierda - Burgemeester en Wethouders, 12.5.1885, P.W.7110/2948: Vergunning deur B. en W. tot verbouing van woon- en winkel=huis van P.H.F. Gordijn aan die Baangracht by die Rosen=gracht, 3.6.1885; P.W.1885: Bouwtekening 15.1884; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 18: De Gemeente-Archivaris, Gemeentelijke Archiefdienst van Amsterdam - H.M. Rex, 23.4.1968; Wierda-Stukke, VI, i, K, b, 3: Ontwerptekening van „woon- en winkelhuis aan de Baangracht bij de Rozengracht" vir P.H.F. Gordijn, Mei 1885.

7. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, j, 8: „Bestek en Voorwaarden, Maken van Pleister- en Stuca=doorwerk, Verbouwen v/h perceel gelegen Rozengracht 213" vir P.H.F. Gordijn, Nov. 1886.

8. G.A. (AMST., AMSTELDIJK), P.W.1885, No. 6079: S. Wierda - Burgemeester en Wethouders, 15.9.1885, P.W. 14536/6079: Vergunning deur B. en W. van vernuwing van woonhuis van die dames Van Heukelom, Binnen=brouwerstraat 7, 21.9.1885; H.M. Rex-Vers. (Pretoria),

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Korresp., VI, iv, 18: De Gemeente-Archivaris, Gemeentelijke Archiefdienst van Amsterdam - H.M. Rex, 23.4.1968.

9. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, b, 4 en VI, i, J, 7: Boutekening, met 'n aantekening daarop dat die boutekeninge by Nr. 2198/1886 behoort; „Bestek en Voorwaarden" behorende by die tender vir die stukadoorwerk van die twee huise vir J.H.C. van Santen, wat in Marnixstraat, naas Nr. 325, in aanbou was, Julie 1886.

10. De Bazuin, Nr. 29/1887, 22.7.1887; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Diverse Stukke, VI, ii, 4: „Instituut Eikenhorst"-aantekeninge. J.K. van Loon, bekende oud-redakteur van Amsterdam, wat in 1961 nog in Baarn woonagtig was, het die aantekeninge, wat hy uit stukke van die Baarnse Stadsraad gemaak het, tot my beskikking gestel.

11. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 16: J.K. van Loon - H.M. Rex, 4.7.1961, Onderhoude, VI, iii, 7 en 8: J.K. van Loon en mnr. en mev. W. Braat; Wierda-Stukke, VI, i, K, b, 6 en 5: Tekening van plattegrond van die Instituut Eikenhorst-gebou deur mev. Braat, 8.7.1961, Ontwerptekening van „Kostschool", Baarn, 1887, deur S. Wierda.

12. T.A.B., S.S.1386, R.1489/82 (afskrif) by R.2693/87: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp. 110-114.

13. A. Ingwersen: In Holland Stond Een huis, p.187. Die skrywer verwys na die duisende skoolgeboue wat in Nederland na die suksesvolle afloop van die sg. „Schoolstrijd" opgerig is. Dié stryd het dus nie net 'n invloed op die geestelike lewe van Nederland gehad nie, maar ook op die gebied van die argitektuur.

14. Herdenkingscommissie: Smellingera-land, p.458; J.J. Spahr van der Hoek: Samenleven in Friesland, p.170. Volgens dr. Spahr van der Hoek was dit die „sociale laag der notabelen", die sg. elite of toplaag, 'n groot en belangrike groep en tewens ook die eienaars van grond en huise, wat daarin geslaag het om „de bouw van een bijzondere school geruime tijd tegen te houden doordat zij geen bouwterrein beschikbaar stel= den - hetgeen zij wél zelfs gratis, hadden gedaan voor de bouw van de ‚Fransche School'."

15. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burgemeester van Smallingerland - H.M. Rex, 14.3.1969 en 31.5.1968; A. Algra: De Historie gaat door het eigen Dorp V, p.351.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



16. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, I: Van der Meulen-Aantekeninge. Aantekeninge saamgestel deur M. van der Meulen, Hoof van die „Christelijk Nationale School aan het Oosteinde", Drachten, uit die Notuleboek van die eerste „Christelijke School" en voorsien deur die Burgemeester van Drachten per brief op 31.5.1968.

17. Herdenkingscommissie: Smellingera-land, p.459; H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 9: Burge= meester van Smallingerland - H.M. Rex, 31.5.1968, met bylaes bestaande uit foto's afkomstig uit die argief van die Drachtster Courant. Die Burgemeester het o.a. geskrywe dat die skool „een plaats vond aan het Oost= einde, dicht bij de plaats waar de werf was gelegen aan de Lange Wijk." Geen gegewens kon opgespoor word oor die langsaan-geleë onderwyserswoning nie. Dit is egter waarskynlik dat die ontwerp en oprigting van die onderwyserswoning 'n deel uitgemaak het van dieselfde bouprojek vroeg in die sewentigerjare van die vorige eeu.

18. De Opmerker, Jrg. VI, Nr. 41, 14.10.1871.

19. De Opmerker, Jrg. VII, Nr. 36, 7.9.1872. De Jong het 'n kaggel op die Drachtster Nywerheidstentoonstel= ling vertoon en daarmee 'n prys verower. Die Wierda-kaggels vir skool- en ander openbare geboue is vermoe= delik deur De Jong vervaardig.

20. Die afleiding word gemaak op grond van die feit dat die Drachster skoolgebou, sover bekend, die eerste en enigste skoolgebou was wat tot op daardie stadium volgens 'n ontwerp van Sytze Wierda opgerig is. Skoolgeboue in Amsterdam en Baarn, wat deur hom ontwerp is, het onderskeidelik eers in 1874 en 1881 tot stand gekom.

21. De Opmerker, Jrg. VII, Nr. 36, 7.9.1872. Die ver= wysing na die kubieke inhoud van dieselfde gebou, wat as 900 kubieke meter aangegee word, was blykbaar foutief.

22. De Opmerker, Jrg. VI, Nr. 41, 14.10.1871.

23. T.A.B., S.S. 1386, R.4189/82 (afskrif) by R.2693/87: S. Wierda - Driemanschap en Uitv. Raad, 2.6.1882, pp. 110-114; Herdenkingscommissie: Smellingera-land, pp.64-65; De Opmerker, Jrg. VI, Nr. 40, 7.10.1871. Dit is waarskynlik dat die 14-jarige Sytze Wierda die eerste landboutentoonstelling in Drachten in 1853 in geselskap van sy ouers, broers en susters bygewoon het. Op daardie stadium het die Wierda-gesin in Wijnjeterp gewoon. Die vraag duik onwillekeurig op tot watter mate Sytze Wierda se belangstelling deur die groot aantal en verskeidenheid van uitgestalde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voorwerpe geprikkel is en of sy verdere kennismaking met die latere tentoonstellings tydens sy Drachtster verblyf, gelei het tot sy eie uitvindings.

24. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, K, b, 7: „School te Baarn", bouplanne, ongedateer. Netjiese tekenings van die „school tafels voor de hoogste klasse" verskyn op die bouplanne naas dié van sy kaggel. Die tekening van die kaggel is identies met dié een wat in „De Opmerker" van 14.10.1871 gepub= liseer is.

25. K.A. (Ger. AMST.), B, I, a: Notulen, Breede Kerke= raadsvergadering, 1867-1877, onder datum 17.10.1872, Notulen, Buitengewoon Vergadering, 27.6.1872 t/m 26.8.1872, Notulen, 17.10.1872.

26. K.A. (Ger. AMST.), B, I, A: Notulen, Kerkeraadsver= gadering, 15.9.1873, Art. 4, 5.1.1874, Art. 5, 16.1.1874, Art. 2.

27. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Wierda-Stukke, VI, i, J, 3: „Bestek en Voorwaarden, Plantage Kerk, Amsterdam", s.d.

28. K.A. (Ger. AMST.), B, I, a: Notulen, Kerkeraadsver= gadering, 9.7.1875.

29. K.A. (Ger. AMST.), B, I, a: Register van de Leden der Gemeente, Keizersgracht-Kerk.

30. G.A. (AMST., AMSTELDIJK), P.W.1874, No. 744: Vergun= ning deur B. en W. tot verbouing van die voorgedeelte van die Plantage Kerkgebou, 11.3.1874.

31. K.A. (Ger. AMST.), B, I, a: Notulen, Kerkeraadsver= gadering, 19.10.1874.

32. K.A. (Ger. AMST.), B, I, a: Notulen, Kerkeraadsver= gadering, 9.7.1875, 4.1.1875, 3.5.1875, 9.7.1875; C. Tazelaar: De Geschiedenis van een Eeuw, pp.69-99. N.a.v. die kerkraadsnotule van 9.7.1875 ontstaan die vraag of Sytze Wierda, wat enkele maande vantevore bevorder is tot Hoofopsigter by die aanleg van die staatspoorweg in Amsterdam, se bedanking as lid van die „Schoolcommissie" enige verband gehou het met die versuim van die kommissie om sy verskuldigde argiteks= loon aan hom te betaal. Uit bl.80 tot met 83 van die boek van dr. Tazelaar blyk dit baie duidelik dat hy vir een of ander onbekende rede nie kennis gemaak het met die aangehaalde notules van die kerkraadsver= gaderings van die Christelijk Gereformeerde Gemeente van Amsterdam vir die jare 1870 tot en met 1875 nie en dat sekere aspekte i.v.m. die „Plantage School" vir hom bygevolg duister gebly het. Vergelyk bv. sy bewering oor die stigtingsjaar van dié skool. Die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



korrekte datum van die opening van die skool, blykens die notule van die kerkraadsvergadering van 19.10.1874, was 3 November 1874.

33. K.A. (Ger. AMST.), B, I, a: Notulen, Kerkraadsvergadering, 22.5.1874, Art. 7, 29.5.1874, Art. 4.

34. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Diverse Stukke, VI, ii, 5: „Notulen, School met den Bijbel"-aantekeninge. Aantekeninge gemaak deur tans wyle J.K. van Loon, uit die Notulen, School met den Bijbel, Baarn, Boek No. 1, Jaren 1880-1892, onder datum: 14.1.1881, 16.2.1881, 7.4.1881, 28.4.1881, 26.4.1881, 17.6.1881, 4.8.1881 en 30.8.1881.

35. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 16: J.K. van Loon - H.M. Rex, 4.7.1961.

36. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Korresp., VI, iv, 16: J.K. van Loon - H.M. Rex, 4.7.1961.

37. H.M. Rex-Vers. (Pretoria), Diverse Stukke, VI, ii, 1: Geschiedenis van de Gereformeerde Kerk te Baarn, pp. 25-27; Het Vrije Volk, 20.6.1961 (Stukje Baarn van 1879 verdwijnt). Die jaartal 1879 in die berig is egter foutief. Dit moet 1881 wees.